Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Jenny Williams
Direktoraat: Diensvoordele
Jenny.Williams2@westerncape.gov.za | 021 467 2031

Lêerno.: 3/3/R
Verwysing: 20220307-424

Omsendbrief: 0015/2022
Vervaldatum: 31 Desember 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Adjunkdirekteure, Hoofde van opvoedkundige inrigtings en erkende vakbonde

Kort opsomming: Bestuur van werksaamhede *(kantoorsluiting) gedurende 2022 se feestyd.*

Onderwerp: Bestuur van werksaamhede (kantoorsluiting) gedurende 2022 se feestyd

1. Ooreenkomstig die besluit van die Wes-Kaap Regering dat elke provinsiale departement sy eie werksaamhede gedurende die vakansietyd vasstel, is daar besluit om die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se kantore vanaf **23 Desember 2022 tot 30 Desember 2022** (vyf werksdae) te sluit, buiten amptenare wat noodsaaklike dienste verrig.

2. Alle werknemers moet kennis neem dat hulle jaarlikse verlofkrediete gebruik sal word om die vyf werksdae te dek en verlofvorms moet steeds soos gewoonlik ingedien word.

3. Hierdie sluitingstyd is so kort as moontlik gehou, maar steeds in die belang van die WKOD.

4. Gee asseblief voorkeur aan die voltooiing van alle voorleggings en die finalisering van beplanning gedurende hierdie tyd tussen die jaarlikse sluiting van skole en die sluiting van die WKOD sodat ons ons pligte op 03 Januarie 2023 kan hervat, reg vir die uitdagings van die nuwe jaar.

5. Indien enige werknemers 'n beswaar teen bogenoemde reëling wil aanteken of indien daar 'n behoefte is dat sekere werknemers vir werksaamhede gedurende die sluitingstyd aan diens moet wees, moet die nodige motiverings aan die betrokke hoofdirekteur teen **30 Junie 2022** vir besluitneming gestuur word.

6. Die bogenoemde besluitnemings moet aan die Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke voor of op **31 Julie 2022** oorgedra word en laasgenoemde sal die Hoof: Onderwys van enige afwykings wat aangespreek moet word, in kennis stel.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle werknemers.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-03-31